BANTOES REGEER IN 1963

D.V. 10/4/59

... En Kabinet Reeds Verkies Sê Bantoe-lektor Aan Wits

BANTOES in die Unie maak klaar om die land binne vier jaar te regeer. Voor 1963, glo hulle, gaan buitelandse moondhede soveel druk uitoefen dat die Unie-regering verplig sal wees om die stemreg aan alle Bantoes te gee.

Priester-politikus Robert Sobukwe, lektor in Bantoetale aan die Universiteit van Witwatersrand en leier van die pas-gestigde Pan-Africanist Congress, sê hy het bewyse dat hierdie dinge wel gaan gebeur. Die Vaderland het gister gewys op die posisee waarin Wits verkeer deur 'n lektor in sy diens te hê wat blanke dominasie wil beëindig.

Sobukwe sê, as buitelandse moondhede nie ingryp nie, sal die Bantoes self die regering oorneem.

Maar hy wil nie die metodes waarvan hulle sal gebruik maak, openbaar maak nie.

Die enigste aanduiding wat Robert Sobukwe, bekend as die „nuwe god van Suid-Afrika" wil gee, is: „Daar word nooit ligtelik oorgegaan tot geweld nie."

En, weer:

„Wanneer mense vry wil wees, sal niks hulle keer nie — niks kan die Bantoes meer keer nie."

Wanneer hulle aan bewind kom, beoog sy party — wat volgens hom reeds meer lede het as die African National Congress — om onmiddellik veelrassigheid te verwerp.

Slegs diegene — blankes ingesluit — wat algehele „African" nasionalisme aanhang, sal die stemreg kry.

Daar sal nie teen blankes gediskrimineer word nie, maar:

- Die goudmyne, nywerhede en vervoerstelsel sal genasionaliseer word onder nie-blanke beheer.
- Blankes sal nie uit hulle huidige beroepe uitgedryf word nie. Van meeste van hulle sal verwag word om nie-blanke werkers op te lei.
- Alle skole en universiteite sal vir wit en swart oop wees.
- Gemengde huwelike sal nie verbied word nie.

Sobukwe, wat as kind in die Graaff-Reinet-distrik skape opgepas het en later sy B.A. (Hons.) graad aan die Witwatersrandse Universiteit verwerf het, belowe dat blankes en nie-blankes presies dieselfde kanse gegun sal word in die veelrassige staat wat sy party beoog.

Aan Die Vaderland, wat die eerste koerant was wat 'n persoonlike onderhoud met hom kon verkry, het hy verskeie van sy party se toekomsplanne verklap.

Een van hierdie planne is om die African National Congress „uit te wis."

Die A.N.C., volgens hom, word vandag indirek deur blankes beheer en op verskeie gebiede deur die Kommunistiese leerstellinge beïnvloed.

Sy party wil nie geld van blankes hê nie.

Van elke Bantoelid word verwag om 'n sjieling per maand aan partyfondse te skenk. Binne 'n paar maande verwag die party 'n gereelde maandelikse inkomste [illegible] £5,000.

Die [illegible] Congress [illegible] Demo- [illegible] en die African [illegible] — saam te werk, mits alle onderhandelinge op gelyke voet geskied.

Daar word reeds nou pogings aangewend om die steun te verkry van Ghana en ander Bantoe-nasionalistiese partye in die res van Afrika.

Die Pan-Africanist Congress is so seker dat hulle binnekort aan bewind gaan kom, dat daar reeds 'n „kabinet" gekies is.

President is Robert Sobukwe. Die „Ministers" in die verskil- [illegible] bestaan uit ge- [illegible]

Robert Sobukwe Papers

PUBLISHER:
Publisher:- **Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand**
Location:- **Johannesburg**
©2010

LEGAL NOTICES:

Copyright Notice: All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

Disclaimer and Terms of Use: Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

DOCUMENT DETAILS:

Document ID:- **A2618-Cp2-4-11**
Document Title:- **Die Vaderland: Bantoes regeer in 1963.. En Kabinet reeds verkies se Banto-lektor aan Wits (Translation: Bantus [sic] govern in 1963… and the Cabinet is already selected says Bantu lecturer at Wits)**
Author:- **Die Vaderland**
Document Date:- **10 April 1959**